Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES
20 JAAR

BELANGRIKE INLIGTING VIR HOËR SERTIFIKAAT-STUDENTE: GRAADSTUDIE 2025

Hieronder volg belangrike inligting rakende graadstudie in 2025:

Alle modules geslaag

Hoër Sertifikaat-studente van 2024 wat alle modules in kwartaal een tot drie geslaag het, kan reeds aansoek doen vir graadstudie. 'n Skakel hiervoor is op die studenteportaal beskikbaar. 'n Voorlopige toelatingsbrief sal uitgereik word. Finale toelating sal eers ontvang word sodra alle modules van die Hoër Sertifikaat geslaag is aan die einde van 2024.

Slegs een module gedruip

Indien 'n Hoër Sertifikaat-student slegs een module nie geslaag het in 2024 nie, sal die student toegelaat word om in 2025 saam met die Hoër Sertifikaat-module ook enkele addisionele graadmodules te neem. Daar sal egter nie in die kwartaal wat die student die betrokke Hoër Sertifikaat module gesleep het, graadmodules geneem kan word nie, aangesien daar aanbeveel word dat die student op die spesifieke module moet fokus om die Hoër Sertifikaat te slaag. Neem kennis dat indien die Hoër Sertifikaat-module wat gedruip is in 2024 ook in 2025 gedruip word, jou studie getermineer sal word. 'n Student het slegs twee jaar om die Hoër Sertifikaat in Onderwys te voltooi. **Stuur 'n e-pos aan Mev Miems van der Westhuizen (admin@aros.ac.za) indien jy belangstel om addisionele graadmodules te neem.**

Twee of meer modules gedruip

Indien 'n Hoër Sertifikaat-student twee of meer modules nie geslaag het in 2024 nie, sal die student die modules kan herhaal in 2025. Die student mag egter nie addisionele graadmodules neem nie. Neem kennis dat indien die modules wat gedruip is in 2024 ook in 2025 gedruip word, sal die student se studie getermineer word. 'n Student het slegs twee jaar om die Hoër Sertifikaat in Onderwys te voltooi.

Vir enige navrae, stuur 'n e-pos aan Mevrou Annelie van der Vinne: aansoeke@aros.ac.za **of Mev Miems van der Westhuizen:** admin@aros.ac.za**.**

012 332 3227/8
info@aros.ac.za
www.aros.ac.za

Besembiesieweg 1037
Montanapark
Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat hoëronderwysinstelling kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997, geregistreer. Registrasienr. 2012/HE08/001.
Aros is by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE, ook bekend as CIPC) as 'n maatskappy sonder winsoogmerk onder registrasienommer 2010/000547/08 geregistreer.